SEPTEMBER 2023

# LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

## UIT DIE KANTOOR

"There is only one road to human greatness: through the school of hard knocks." Albert Einstein

Ons skool se kinders presteer fantasties op sportgebied. As ons net let op hoeveel van ons kinders streekspanne en provinsiale spanne haal wanneer hulle in die senior fases kom, is dit eintlik ongelooflik. Die prestasie is egter breër as dit, want al ons kinders, al het ons in baie gevalle net genoeg om 'n span vol te maak, kry dit reg om sterk kompeterend te wees teen spanne van veel groter skole.

Dit gebeur nie dat ons kinders van kleins af alle wedstryde wen nie, en wen is definitief nie alles nie, maar die lesse wat ons seuns en dogters leer, soos ons teen die sterk kompetisie deelneem, maak ons sterker en ontwikkel ons kinders ongelooflik. Dit sou moontlik gewees het om te gaan soek vir nog klein skole en net teen hulle te speel, maar ons sal ons kinders in 'n gemaksone groot gemaak het om hulle nie genoeg voor te berei het vir die hoërskool nie.

Ons skool se spanne wen die oorgrote meerderheid van die wedstryde wat hulle speel, maar wanneer ons verloor teen sterk, groter skole is dit in baie gevalle ook 'n wen vir ons kinders se ontwikkeling.

Dankie aan elke afrigter wat hulle beste gee vir ons kinders. Dankie ook aan elke ouer wie by die huis afrig en ondersteun. Julle maak die wêreld se verskil.

Dit is bitter lekker om te sien hoe ons kinders ontwikkel en hulle ongelooflike veggees.

Groete

*Pieter de Bruyn*




## KARAKTERKAMPIOENE

Geluk aan hierdie leerders wat as Karakterkampioene aangewys is gedurende Augustus. Ons is sommer baie trots op jul mooi eienskappe!

Graad 1: Christopher Wagener vir mededeelsaamheid
Graad 2: Dané Lategan vir voorbeeldige leerder
Graad 3: Zané Bothma vir behulpsaamheid
Graad 4: Dinozzo van Huffel vir hardwerkendheid
Graad 5: Lukas Fabricius vir vriendelikheid
Graad 6: Marisha Tromp vir omgee en lojaliteit
Graad 7: Callia Godden vir pligsgetrouheid en vriendelikheid EN Andelie de Bruyn vir mededeelsaamheid

## KARAKTERBOU

Ons is tot die 22ste September nog betrokke by hierdie projek. Onthou om produkte vir babas te stuur.




## BOKKIES GEE OM

**Druk hier om kos vir die kultuuraand te bestel.**

# BOKKE BO!

Ons as Bokkies staan bankvas agter die Bokke! Kyk net hoe mooi het 'n paar van ons gelyk in ons Boktruie.




# PERSONEEL

Juffrou Ammie en juffrou Marisa woon op Saterdag, 9 September, 'n Think Tank sessie van die WKOD se e-leer span by CTLI in Kuilsrivier by. Hier gaan hulle leer oor hoe tegnologie dinge (onderwys) verander het en ook die wonderlike en "worrisome" wêreld van AI in opvoeding. Dit beloof om baie leersaam te wees.

# VEELS GELUK

Juf. Liana verjaar 8 September! Baie geluk met jou verjaarsdag.





# KARAKTERKAMPIOENE

Hierdie leerders het baie mooi karakter gewys en is as Karakterkampioene aangewys!

Graad 1: Gian Gagioano vir Pligsgetrou en Hardwerkend

Graad 2: Eunique Cloete vir Bedagsaamheid

Graad 3: Helené du Toit vir Hulpvaardigheid en Netheid

Graad 4: Simone George vir Hardwerkendheid

Graad 5: Mia van den Heever vir Behulpsaamheid

Graad 6: Charnique Scholtz vir Omgee en Vriendelikheid

Graad 7: Christi du Toit vir Raakvatter.

Ons is baie trots op julle♥

# SKOOLFOTO'S



Ons tweede fotodag is agter die rug. Bestellings vir die foto's wat op die 23ste Augustus geneem is, sal binnekort by die skool gemaak kan word. Ons is opgewonde oor die paar wat ons al onder oë gehad het.






**Druk hier om kos vir die kultuuraand te bestel.**

# TENNIS
# KAAPSE WYNLAND

Baie geluk aan die volgende kinders wat in hul onderskeie ouderdomsgroepe in die Kaapse Wynland tennisspan van 2023 opgeneem is:

Christi du Toit, Anmari Steenkamp, Alize Fabricius, Johan du Toit, John du Toit, Lukas Kotzé, Markus Tomlinson, Stephan du Toit, Helené du Toit, Jean Dreyer en Daniël du Toit.

Hulle speel op 13-15 Oktober 2023 teen Overberg en Weskus in die Overberg streek.

Jean Dreyer, Anmari Steenkamp en Johan du Toit is die nommer 1 in hul spanne!

Ons is baie trots op elkeen van julle!

# KLEIN BOISHAAI



Die volgende seuns neem 8 en 9 September 2023 aan 'n o.11-tennistoernooi by Paarl Primêre Seunskool deel. Cassie du Toit, Lukas Kotzé, Daniël du Toit, Gys du Toit, Ben van der Merwe en Wikus Bothma.

Ons wens hulle baie sterkte toe.

Baie dankie aan Cathy du Toit wat die seuns vergesel.

# TENNIS
# COURTRAI TOERNOOI

Ons eerste span neem aan hierdie toernooi in die Paarl deel. Baie sterkte aan: Johan du Toit, Anton Burger, John du Toit, Stephan du Toit, Alize Fabricius, Anmari Steenkamp, Christi du Toit en Liza Fabricius. Juffrou Hanle en tannie Lizzy Alies vergesel hulle. Beide hierdie spanne slaap by Picardi Gasteplaas oor. Geniet dit julle!





**Druk hier om kos vir die kultuuraand te bestel.**

# HOKKIE



11 van ons leerders het op die 10de Maart 'n kliniek bygewoon. Na 'n besig seisoen van rugby en netbal kon hulle uiteindelik een wedstryd teen Laerskool FDC speel. Die twee geleenthede was daarop gemik om leerders bloot te stel aan die sport en 'n liefde daarvoor aan te wakker. Ons is baie trots op elkeen van hierdie spelers wat die moed gehad het om die onbekende onverskokke aan te durf!

# PODIUMPRET LEES

Ons is baie opgewonde oor ons lesers! Die leerders wat hierdie jaar aan die Podiumpret Leeskompetisie deelgeneem het, is gevra om aan 'n RYMPIE-projek deel te neem. Die rympies wat deur ons kinders gelees word, word deel van die rympieteek! Hou ons sosiale media en D6 dop. Ons deel binnekort die rympieteek met julle.

# WELLNESS WEDNESDAY

Ons leer van kleins af om gesond te eet! Pak asseblief eerder water as koeldrank in skool toe.



# ATLETIEK - ROOI VS BLOU

Alle leerders is op die 5de September in hul kleurgroepe gedeel! Die dirigente is ook al hard aan die planne maak vir die 11de November. Elke leerder moet 'n R30 betaal vir die optog. Gelde kan van volgende kwartaal af by die ROOI of BLOU dirigente betaal word

# ROBOTIKA



Op die 2de September het drie van ons personeel en twee leerders Laerskool Gericke se Robotika-dag bygewoon. Dit was 'n wonderlike leerervaring. Ons is dankbaar vir die geleentheid en sien uit om in die toekoms meer leerders te neem. Leerders wat hierin belangstel, kan solank op hierdie blad gaan loer.

# SOS KAMP (Gr.5-7)

Die graad 5 tot 7 leerders gaan die jaar van 18 to 20 Oktober na die SOS Kamp by Villiersdorp. Die kamp is verpligtend vir al die leerders en kostes is R860 per leerder.
Hou D6 dop vir verdere inligting.

S.O.S

**Druk hier om kos vir die kultuuraand te bestel.**

# UITSTAPPIE

Op 17 Augustus het die Graad 1 tot 3-leerders baie opgwonde en met kossakke vol padkos, vertrek na die Kunstekaap. Dit was weer tyd vir hul jaarlikse uitstappie.

Die bekende en gewilde "Vlooi" uit die Oxford leesreeks vermaak leerders al vir 21 jaar. Vanjaar het Vlooi 'n ondergrondse avontuur beleef en was hy opsoek na 'n diamant! 'n Reus, 'n dansende volstruis en Vlooi se Ouma het vir groot vermaak gesorg. Hierdie uitstappie is 'n uitstekende blootstelling aan teater en het ons kinders se horisonne verbreed. 'n Besoek aan die N1 Wimpy op pad terug het hierdie heerlike uitstappie afgesluit!




# ENTREPRENEURSDAG

As deel van hul EBW taak, het die Graad 7's 'n baie suksesvolle Entrepreneursdag aangebied! Baie dankie aan elkeen wat ons ondersteun het.

Graad 7's van 2024 kan solank aan planne begin dink. Ons sien uit na julle dag volgende jaar hierdie tyd.



# ALEGEMENE KENNIS

Baie geluk aan die volgende leerders. Hulle blink uit in kwartaal 3 se algemene kennis. Welgedaan!



Graad 4:
1 - Junishia Muller
2 - Mia Gagiano
3 - Wikus Bothma
3 - Zoey Carolus
3 - Jean Dreyer
3 - Simome George
3 - Noah Sello
3 - Dinozzo van Huffel

Graad 5:
1 - Stephan du Toit
2 - Markus Tomlinson
3 - Lukas Fabricius
3 - Rian Engelbrecht



Graad 6:
1 - Dawid van der Merwe
2 - Eben Viljoen
3 - John du Toit
3 - Johané Rossouw

Graad 7:
1 - Christi du Toit
2 - Esrah Kamfer
3 - Liam Pretorius
3 - Marilé Titis

# TONEELGROEP




Ons tree tydens die kultuuraand op! Maak seker jy kry jou kaartjie betyds.

**Druk hier om kos vir die kultuuraand te bestel.**

# RUGBY

John du Toit is in die Boland o.12A-Rugbyspan van 2023 opgeneem. Ons is baie trots op hom. Ons glo dat hy 'n ware ambassadeur vir Boland Rugby en Laerskool Koue Bokkeveld sal wees. Baie geluk met die groot prestasie!




# LENTEDAG




Op Lentedag het die Pre-Graad R en Graad R-klas Huis Maudé Kriel in Ceres besoek. Elke inwoner het 'n blom, gemaak uit rommel, ontvang asook sjokolade, beskuit en 'n boekmerkie. Die kinders het die inwoners ook vermaak met liedjies en rympies. Daarna is die kinders Spur toe om 'n melkskommel te geniet. Dit was 'n wen-wen dag vir almal en 'n spesiale manier om die koms van die lente te vier. Baie dankie aan Oom Dawid wat ons geneem het.

Die res van die skool het vrolike klere gedra!



# SANG EN VOORDRAG



Ons tree by die kultuuraand op.
Het jy al jou kaartjie?

# PRE R EN SÊR

Ons kleinste Bokkies en die lawwe Graad 6 +7 sêrgroep tree by die klutuuraand op!
Het jy al jou kaartjie?

PRE-GRAAD R



# KITAAR

Ons tree by die kultuuraand op!
Het jy al jou kaartjie?



**Druk hier om kos vir die kultuuraand te bestel.**

# KULTUURAAND

21 September 2023

Kaartjies is nou te koop!




## HOE WERK DIE AAND?

'n Voorprogram word deur 'n groep van ons leerders gedoen. Na pouse tree "Laerskool Noord" op. Leerders wat deelneem, kyk na pouse 'n fliek in die kerk. Leerders wat nie deelneem nie, maar ook wil kom fliek, kan hulle R50-fliekkaartjie by juffrou Marisa koop. Deelnemers fliek gratis! Die toneelgeselskap het 'n ouderdomsbeperking van 13 vir ouers se kennisname op die plakkaat aangebring. Ouers moet hul eie diskresie gebruik by die aankoop van kaartjies vir kinders wat ook die vertoning wil sien.

## WAT KAN EK NOG BY DIE KULTUURAAND VERWAG?

Toneelgroep

Sêr

Kitaargroep

Snoepie

Voordrag

Sang

Pre-Graad R

**Druk hier om kos vir die kultuuraand te bestel.**